

3 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 15:1-5

Fokusgedeelte: Psalm 15:5b

### Wie mag naby die Here kom?

**D**awid vra: “Wie het die reg om in u woonplek te kom, Here? Wie mag op u heilige berg vertoef?” (“Woonplek” kan letterlik as “tent” vertaal word en die “berg” is “Sion”.) Ons kan die vraag ook so stel: Here, wie mag dit naby U waag? Ons Here is ’n heilige God. Hy is suiwer lig en heerlijkheid. Moses moes hom in ’n rotsseur verberg toe die magtige heerlijkheid van die Here naby hom gekom het. Waar sal ons ons verberg?

Ja, ons kan ons verberg in die skadu van die kruis. In Christus kan ons tot die Vader nader. In Christus is die Heilige Gees, God self, aan ons gegee om in ons te woon. Toe Christus aan die kruis gesterf het, het die voorhangsel in die tempel geskeur, sodat almal wat glo, nou toegang tot die Vader kan hê.

Dawid wys ons in Psalm 15 egter ook op ’n ander waarheid. Hy sien raak dat dié wat naby God leef, in Christus en die Gees, self ook soos God word. *Ons word mense met rein harte wat altyd die waarheid praat. Ons hou ons woord, al is dit tot ons skade. Ons leen nie aan ’n arme geld op rente uit nie. Ons doen aan niemand kwaad nie.* Paulus verwys ook na hierdie dinge as hy praat van die heerlijkheid van God wat ons uitstraal. Is dit alles waar van my en jou?

Vergeet ook nie God se aanmoediging nie (vs 5b): “Wie hom hieraan hou, sal nooit wankel nie!”

*Dr. Klasie Heystek (Emeritus)*